

HOOFSTUK 3

DIE OUER EN SY ROEPING

1. Die roeping van die ouer

Soos die roer van 'n skip sy koers bepaal, so bepaal 'n mens se lewens- en wêreldbeskouing ook die koers en rigting van sy lewe. Daar kan dus nie sprake wees van 'n roeping of roepingsbewustheid buite die lewens- en wêreldbeskouing van die mens nie. Alle opvoeding geskied op die grondslag van die lewens- en wêreldbeskouing van die mens en dus ook van die ouers. Dit is die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers wat die onderbou uitmaak van die ouer-kind verhouding en wat van deurslaggewende betekenis sal wees in die opvoedingshandeling en in die roepingsbewustheid van die ouer. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vereis 'n Christelike opvoeding en plaas ouers en kinders in 'n bepaalde en vaste verhouding tot mekaar. In die lig van hierdie lewensbeskouing staan die ouerskap onder die wekroep van geroepenheid en word ouerskap 'n taak op Hoër gesag.⁽¹⁾

Ouerskap is 'n roeping van God en bring mee die aanvaarding om die kind na liggaam en siel te versorg vir beide hierdie en die toekomstige lewe. Die kind

1. Oberholzer, C.K. Ons en ons kinders, p.52

kan op natuurlike wyse nie sy uiteindelijke bestemming bereik nie en behoef dus die hulp van die ouers daartoe, m.a.w. die opvoeding. Tot hierdie hoë roeping is die ouer nie uit homself in staat nie, maar hy moet sy krag put uit die genade van God in Christus.

'n Roeping kan egter nie werklikheid word sonder dat die geroepene dit onvoorwaardelik en met biddende opsien na God aanvaar nie. By die doop beloof die ouers om die kind op te voed of te laat opvoed op so 'n wyse dat hy God sal liefhê, eer en dien. Daarmee aanvaar die Christelike ouers die taak en plig om hul le kind getrou en met toewyding op te voed in die vrese en vermaninge van God en wel op so 'n wyse dat die kind, wanneer hy groot is, gewilliglik die verbondsverpligtinge sal aanvaar en saam met sy ouers die ryk verbondseëninge mag ondervind. Die ouers getuig en aanvaar ook verder dat die kind verbondskind is en daarom nie weens sy onvolwassenheid uitgesluit is van die heil van die genadeverbond nie.⁽²⁾ Ook dat hy binne die raamwerk van die verbond moet opgroei en namate hy meer volwasse word, moet leer om op verantwoordelike wyse die verbondsverpligtinge te aanvaar.

Al die beloftes van God is vir ons en ons kinders. Dit is die heerlike sekerheid van die genadeverbond van God en hieruit put die ouer die krag om sy roeping met

2. N.G. Kerk, op. cit., p.21

blymoedigheid te aanvaar. Deur die aflê van die doopbelofte aanvaar die ouer sy roeping en belofte inderdaad om gebruik te maak van die middele wat God verordineer het vir die verwesenliking van die verbondslewe in sy kind en het hy die versekering dat God hom in staat sal stel om sy roeping te vervul.

Dit is moontlik dat ander mense as ouers tot opvoeding geroepe kan wees, maar in die gewone opvoedingsaktiwiteite berus sodanige opvoeding altyd op die oordrag van gesag. Niemand het sondermeer die reg om 'n kind op te voed nie, want die opvoedings-taak berus by die ouers van die kind. Die opvoeding van die kind deur die ouers is 'n roeping en plig wat uit die skeppingsordinansies van God voortvloei, 'n taak deur God opgelê en wat die ouers ook belydend by die doop erken.⁽³⁾ Die ouers is en bly daarom die eerste en belangrikste opvoeders wat vir die totale opvoeding van die hele kind verantwoordelik is. Slegs waar die ouers te kort skiet in die uitvoering van hulle opvoedingstaak, mag hulle die hulp inroep van 'n ander opvoeder of opvoeders wat beter toegerus is, bv. onderwysers. Hierdie ander opvoeders kan egter nooit die natuurlike ouers se verantwoordelikheid oorneem nie en kan slegs in 'n hulpgewende hoedanigheid optree.

3. Coetzee, J.C. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p.43

2. Ouerskap

Ouerskap behels pligte en regte. Ouerskap is 'n voorreg en 'n gawe van God. Ouerskap is ook die bevrediging van 'n behoefte van die man en die vrou wat in die eg verbind is en wat kulmineer in die verwekking, versorging en opvoeding van 'n kroos. Ouerskap eis die hoogste liefdesdiens, maar verryk ook die lewe van die ouers duisendvoudig.

Ouers het beide pligte en regte t.o.v. hulle kinders, maar hulle moet altyd in gedagte hou dat hulle kinders ook pligte en regte het. Kinders word nooit deur die ouers besit nie, want een mens kan nie 'n ander mens besit nie, ook nie sy eie kinders nie.⁽⁴⁾ Die ouers het vir die opvoeding van die kind verantwoordelikheid, maar naas dié plig het die ouers ook die reg om die kind na hulle oortuiging op te voed.

Ouerskap het altyd die karakter van 'n sedelike opdrag. Dit is nie so dat ouers 'n kind ontvang en dat hulle dan suiwer uit sosiale of menslike oorwegings verplig is om die kind op te voed nie. Ouers wat hul ouerskap en daarmee die opvoeding van hulle kind, nie as 'n roeping sien nie, verstaan niks van hierdie taak en roeping nie. Ouerskap eis altyd lewenserns en verantwoordelikheid. Dit bring verpligtinge en opofferings

mee en stel beperkings aan die persoonlike vryheid van beweging en van die eie begeertes van die ouer.⁽⁵⁾

Ouerskap het sy oorsprong in die huwelik. Die huwelik is 'n instelling van God met bindende gesag en het sy grondslag en norm in die skeppingsdaad van God. Die huwelik bepaal ook die regte en verpligtinge van die huweliksvennote en is basies 'n liefdesverbin-
tenis tussen 'n man en 'n vrou. Hierdie verbintenis voorsien 'n grondslag vir die totstandkoming van 'n gesin. Die liefdesband skep die gunstige kweekbodem vir die opvoeding van die kind. Die kind wat uit die huwelik voortspruit, word nie los gesien van die ouers en die gesin nie, want die huwelik lei juis tot die ontstaan van die gesinsgroep wat met bande van bloed en liefde aan mekaar verbind is. Dit is daarom noodsaaklik dat die ouers se huwelikslewe op 'n hoë peil moet staan en op wedersydse liefde en verdraagsaamheid moet berus.

Die vader is kragtens die skeppingsordinansie die hoof van die gesin, en die hoogste gesagsdraer. Dit is sy roeping om te regeer, te beskerm, te lei, te vorm en te onderrig - „hy is koning, priester en profeet in en vir die gesin.”⁽⁶⁾ Hy is ook die broodwinner en moet in sy gesin se tydelike behoeftes voorsien. Verder staan hy die moeder by in haar versorgingsarbeid en opvoedingstaak. Die vader is ook die

5. Cronje, A. Ouer en kind, p.64.

6. Coetzee. Ons en ons kinders, p.33.

voorganger in die eerbetoon en diens aan God. Vir die kinders is hy 'n lewende persoon wat die gesag verteenwoordig, iemand wat 'n intieme, begrypende en tog werklike gesag uitoefen en daarom respek afdwing.

Die vrou en moeder is die hart van die gesin. „Moederskap vernietig die skooldogter-sorgvryheid en beperkte verantwoordelikheid.”⁽⁷⁾ Ook haar roeping het sy van God ontvang en die ononderbroke versorging van die kind is haar hooftaak. Sy sorg egter nie net vir die materiële behoeftes van die kind nie, maar skep 'n gesinsatmosfeer waarbinne die kind geestelik, intellektueel en liggaamlik gedy. Die band tussen moeder en kind, as dit eenmaal gelê is, bly vir beide onvervreembare besit. Daarom kan die moeder ook nie vervang word nie, sy vorm 'n natuurlike en innige band met haar kind sonder om besitlik te wees, want sy weet dat die kind geleidelik meer selfstandig moet word. Sy skep die veilige hawe waarheen die kind telkens sal terugkeer. Die sekuriteit wat die moeder se liefdevolle versorging aan die kind gee, is die beste versekering vir 'n goeie aanpassing en vir die bevordering van persoonlike geluk en sukses in die kind se lewe.

Vader en moeder vorm egter 'n eenheid en vul mekaar aan, al het elkeen in die gesin 'n eie plek en roeping. Daarom ook dat die onderlinge verhouding

7. Cronje, op. cit., p.65

van vader en moeder van beslissende betekenis is vir die vorming en leiding van die kind. Hulle het 'n gesamentlike opvoedingstaak en dit is dus van die uiterste belang dat hulle dieselfde doeleindes sal nastreef en dieselfde ideale sal huldig. Die kind moet ook die sekerheid hê dat sy ouers verenig is in hulle liefde vir hom en vir mekaar.⁽⁸⁾ Slegs wanneer ouers in eensgesindheid en in liefde hulle roeping vervul, kan hulle seën op hulle opvoedingsarbeid verwag.

Vader en moeder dien ook as identifikasie-figure vir die kind. So vind die seun in sy vader as gesagsfiguur 'n duidelik herkenbare identifikasie-figuur, 'n voorbeeld wat nagevolg kan word en 'n toekomspektief vir hom open. Net so is die identifikasie van die dogter met haar vader en die seun met sy moeder, die beste waarborg vir 'n goeie keuse by die latere huweliksmaat.⁽⁹⁾ Met die vader as 'n herkenbare en navolgenswaardige identifikasie-figuur, vind die moeder ook haar plek en daarmee kan die dogter ook in haar moeder haar eie toekoms aflees. Die betroubaarheid van die ouer-figure is 'n vaste punt vir die kind in sy vormingsjare.

8. Benjamin, Z. The young child and his parents, p.10

9. Hart de Ruyter, op. cit., p.31

Die voorbeeld van die vader en moeder is 'n magtige faktor in die opvoeding en moontlik die ver-naamste opvoedingsmiddel.⁽¹⁰⁾ Die kind spieël homself in hierdie voorbeeld en meet sy eie optrede daaraan. Die ouers moet derhalwe bewustelik uit hulle oortuiging lewe, want in die mate wat die kind sy lewe nog nie uit homself kan opbou nie, sal hy hom volgens die ouervoorbeeld gedra, deur homself met die ouerbeeld te identifiseer.

Die verhouding ouer-kind is 'n spesiale verband deur God voorsien en hang saam met die Verbond waarin God ouers en kinders saam opneem. Die belangrikste elemente in hierdie verhouding is dié van die liefde van die ouer vir die kind en verantwoordelikheid by die ouer vir die kind. Die verhouding omsluit nie alleen die lewe in natuurlike sin nie, maar ook in religieuse sin. Die liefde-band wat in die natuurlike verwantskap gewortel is en vasgelê is in die religieuse eenheid tussen ouers en kinders, gee aan heel die opvoedingswerk 'n eie struktuur. Verder ontvang hierdie opvoeding 'n eie karakter deur die gesagsverhouding wat tussen ouers en kinders bestaan. Die ouers se gesag berus op die skeppingsorde en op die verbondsverhouding en dit is ingebed in die liefde-band tussen ouer en kind en gewortel in die oerbied vir die orde van God.

10. Kriekemans, A. Gezinspaedagogiek, p.17

3. Die toerusting van die ouer

Die ouers moet gelowige Christenmense wees, want dit is die eerste beginsel en die hoeksteen van die gesinsopvoeding. Die krag by die opvoeding kan die ouer nie uit homself put nie, maar hy ontvang dit deur die genade van God in antwoord op sy biddende opsien na bo om krag en leiding. Alleen die ouer wat God ken en in Christus sy Verlosser sien, wat God vrees en dien in woord en daad, kan sy kind so lei dat ook hy, die opvoedeling, na God getrek sal word. Deur die geloof stel die ouer homself in op die standpunt van God.⁽¹¹⁾ Die Christelike ouer word gekenmerk deur innerlike ewewig, rypheid en selfbeheersing en alleen hy wie se lewe God-gerig is, kan 'n ware opvoeder wees.

Vorbereiding vir 'n bepaalde beroep is iets wat allerweë as noodsaaklik beskou word en watter beroep staan hoër of belangriker as ouerskap? Doelgerigte voorbereiding vir ouerskap en vir 'n gesonde gesinslewe is vir die ouer vir wie die opvoeding van sy kind werklik erns is, onontbeerlik. Geen menslike roeping kan vir die toekoms van die mens en vir die toekoms van die volk, belangriker wees as die opvoeding van die kind nie, en daarom moet dit beklemtoon word dat „ . . . parenthood must be regarded as a profession that needs study, rather than a function for which we are instinctively equipped.”⁽¹²⁾

11. Ibid, p.240

12. Benjamin, op. cit., p.3

Liefde is die grootste gawe van God aan die mens en dit is 'n gawe waarsonder die ouer sy roeping nie kan vervul nie.⁽¹³⁾ Pedagogiese liefde is geen begerende liefde nie, maar 'n gewende liefde wat gerig is op die welsyn van die kind. Dit is 'n aktiewe belangstelling vir die innerlike vervolmaking van die kind, 'n blywende gesteltenis waarin die opvoeder ingestel is op die goeie groei en ontwikkeling van die kind. Dit is 'n liefde wat die ouer in staat stel om in sy pedagogiese bemoeiinge steeds dit tot norm te stel wat vir die opvoeding van die kind gewens is. Die norm beheers dan sy gebod en verbod, sy beloning en straf, sy prys en berisping, die beperkinge en vryhede van die kind se bewegings, asook die geleentheid vir die kind om op eie verantwoordelikheid te handel.⁽¹⁴⁾ Dit is nooit 'n verwennende liefde nie. In die pedagogiese liefde is daar die weerklank van God se liefde vir die mens en dus ook vir die kind en ook vir die roeping ooreenkomstig die doopbelofte, om die kind te lei tot die liefde van God.

Die ouer is deur God met gesag bekleed en daarsonder kan hy nie opvoed nie. Hierdie gesag kan egter nie van die liefde geskei word nie, want die liefde moet steeds elke vorm van gesagsoefening beheers.⁽¹⁵⁾

13. Sellenraad, J.A. Van kind tot mens, p.19

14. Van Marvilde, P. Help uw kinderen groot worden, p.84/85

15. Waterink, J. Moeder en haar opgroeiende kinderen, p.62

Die gesag waarmee die ouer bekleed is, dwing hom om sy kind op te voed in die vrese van die Here, om gehoorsaam te wees, gesag te erken en daaraan onderdanig te wees en om steeds dankbaar te wees vir die goeie gawes van God. Hierdie gesag van die ouer moet egter gedra word deur sy eie gehoorsaamheid aan die Hoër Gesag en toegepas word in egte liefde. Die kind se gewete moet gevorm word deur die voorbeeld, die gesprek, die liefde en die gebed van die ouers. Die ouer is gesagsdraer en vir die kind is daar niks vreemds hieraan nie, want dit skep orde, veiligheid en rus in die kinderlewe.

Die bereidheid om te offer beteken selfverloëning, vol liefde te staan teenoor die lewe wat God laat ontluik, die nastreef van 'n gesindheid van dien eerder as om gedien te word en telkens maar weer bereid te wees om die self te laat opgaan in die opvoeding van die kind. Die gesindheid van offervvaardigheid word op merkwaardige wyse beloon in die opvoeding want „ . . . geven is er voorwaarde voor ontvangen, loslaten voor vasthouden, zich verzaken voor zich bezitten, niets willen zijn voor alles kunnen worden.”(16)

16. Oosterlee, P. Onze opgroeiende kinderen, p.53

Losgemaak van selfsug en eiebelang, stel dit die opvoeder in staat om in elke geval in die beste belang van die kind te handel en kan die roepingsgedagte in verantwoordelikheid en liefde seëvier.

Sonder geduld kan die ouer nie opvoed nie. Hy moet bereid wees om te wag en mag hom nooit laat beheers deur sy eie neiging om haastig en driftig te wees nie. Geduld is dan ook 'n noodsaaklike eienskap vir die opvoeder. Alles kom nie meteens reg nie, die kind moet by herhaling dieselfde voorskrifte en vermaninge ontvang en eers na verloop van tyd sal dit resultate oplewer. Geduld en daarmee wysheid is nodig om die kind die regte weg te wys en om hom daarop te hou.

Konsekwentheid en bestendigheid by die opvoeder is onontbeerlik by die opvoeding. Daarsonder sal die opvoeder hom aan 'n dualisme skuldig maak, d.w.s. teenstrydighede tussen sy godsdiens en lewenspraktyk, tussen geloof en beskouing, tussen gebod of verbod en eie handelswyse. Die kind voel onmiddellik hierdie tipiese tekortkoming aan en verloor vertroue in sy ouers wanneer 'n dergelike dualisme na vore tree.⁽¹⁷⁾

'n Sin vir humor is 'n gawe wat baie kreukels in die opvoedingsproses kan uitstryk. Dit stel die ouer

17. Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.100

in staat om met eer sy foute en tekortkominge te erken en dit leer beide ouer en kind om die lewe in behoorlike perspektief te sien.⁽¹⁸⁾ Niks is so noodlottig vir die verhouding tussen ouer en kind nie as die oorpreutse, heilige houding van 'n ouer wat altyd reg is en nooit 'n fout begaan nie. Gesonde humor is 'n welriekende geur in elke menslike verhouding, maar veral in die verhouding tussen ouer en kind.

Ouers moet hulle kind ken. Elke kind is 'n afsonderlike individu met 'n eie persoonlikheid. Deur noukeurige waarneming kan 'n ouer die kenmerkende eienskappe en neigings van hulle kind leer ken en betyds voorsorg tref teen verkeerde neigings. Hulle moet die krag, sowel as die swakheid van sy persoonlikheid ken, om daardeur begrip te hê en insig te bekom t.o.v. elke handeling van die kind. Sonder intieme kennis van die kind kan die ouer hom nie opvoed nie en daarom moet die Christelike ouer probeer om naby sy kind te lewe en met die kind in sy ontwikkeling saam te groei.⁽¹⁹⁾

Die ouers moet kennis dra van die verskillende ontwikkelingsfases wat die kind deurloop en hom daarin kan volg en help op sy weg na volwassenheid. Navorsing

18. Jacobsen, M.B. The child in the Christian home, p.11

19. Coetzee, op. cit., p.55

toon dat die kind se groei en ontwikkeling, alhoewel dit grootliks deur die huis en omgewing beïnvloed kan word, 'n bepaalde patroon volg. Die resultate toon o.a. aan dat „. . . almost any kind of behavior you can think of . . . develops by means of remarkably patterned and largely predictable stages.”⁽²⁰⁾ Dit is die volgorde waarin hierdie stadia mekaar opvolg wat belangrik is, belangriker bv. as die presiese ouderdom waarop 'n kind 'n sekere stadium bereik. Daarby moet altyd in gedagte gehou word dat elke kind sy eie groei- en rypingstempo het. Dit is die ouer se taak om die kind te help om sy maksimum potensiaal in elke stadium te bereik en om hom sodoende te help om sy vermoëns te ontwikkel wat noodsaaklik is op elke trap van die weg na volwassenheid. Dit beteken nie 'n blinde aanvaarding van die ontwikkelingsfases nie, maar 'n benadering gekenmerk deur insig in die sinvolheid van die ontwikkeling.

Hoewel die verskillende ontwikkelingsfases onderskei kan word, mag hulle nooit kategoriees geskei en fragmentaries benader word nie en daarom moet die opvoeding deurlopend en gekoördineerd verloop ten einde rekening te hou met die hele mens en met die groei en ontwikkeling van die jeug, vanaf hulle vroegste jare tot volwassenheid.⁽²¹⁾ Dit is die ouer se taak om die

20. Ilg, F.L. & Ames, L.B. Child behavior, p.3

21. N.G. Kerk, op. cit., p.54

kind by te staan t.o.v. sy totale ontwikkeling en dus moet hy ook oor die nodige kennis beskik t.o.v. verskillende lewensfases van die kind, bv. die kleuterstadium, puberteit, ens. Die ouer moet die sin van die verskillende lewensfases soek en dienooreenkomstig sy opvoedingswerk onderneem.

4. Die ouerlike opvoeding

4.1 Die doel en wese van ouerlike opvoeding

Ouerlike opvoeding is basies en omvattend en duur vir 'n onbepaalde tyd voort, maar minstens totdat die kind volwassenheid bereik het. Dit verskil van die skoolopvoeding in die sin dat die ouer altyd vir die hele opvoeding van die kind verantwoordelik bly, dat by die oueropvoeding daar normaalweg nie 'n wisseling van opvoeders is nie, dat die ouer-kindverhouding wessentlik verskil van die onderwyser-kindverhouding en dat die huismilieu 'n andersoortige milieu voorsien as wat die geval is met die skoolmilieu.

Opvoeding deur die ouers is dan ook nie bloot 'n bemoeiing of beïnvloeding van 'n volwassene met 'n onvolwassene nie, maar dit is die opvoedende wisselwerking van 'n ouer met sy kind, d.w.s. nie sondermeer enige volwassene en enige onvolwassene nie. Die ouer en die kind is immers ook beide ingesluit in die genadeverbond van God en die ouer is boonop geroepe deur God om sy

kind op te voed.

Oueropvoeding behels dan die versorging en beskerming van die kind in liefde en met toewyding.

Dit is 'n werksaamheid van die kant van die ouers wat gerig is op die welsyn van die kind.⁽²²⁾ Dit sluit in onderwys en die houding van die ouer teenoor die kind en tree na vore in allerlei reëlins en maatreëls en in die bewuste en onbewuste beïnvloeding van die kind se gedrag. Die beïnvloeding van die ouer is altyd vervolmakend van aard en daarom moet dit verheffend, veredelend, kultiverend en opvoedend op die kind inwerk. Die beïnvloeding moet die kind in staat stel om sy wese en roeping steeds vollediger te leer ken en om innerlik steeds sterker te word om aan sy roeping getrou te kan wees.

Opvoeding is 'n planmatige en doelbewuste handeling, want die ouers moet steeds bewus wees waarheen hulle die kind wil en moet lei.⁽²³⁾ Hierdie opvoedkundige werksaamheid het egter twee fasette, nl. die leiding van die ouer aan die kind en die groei en wording van die kind. Dit kom daarop neer dat effektiewe opvoeding enersyds onmoontlik is sonder die medewerking van die kind en andersyds dat die kind sonder die ouer se leiding en beïnvloeding nie tot die nodige en juiste self-

22. Bigot, L.C.T. Het kind, p.7

23. Coetzee. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p.12

vormende aktiwiteite kan kom nie. Opvoeding spruit dus voort uit die ouer se besef van verantwoordelikeid vir die kind en die kind se eie begeerte om te groei en te ontwikkel.

Die opvoeding is aanvanklik feitlik geheel fisies van aard en gerig op die instandhouding van die liggaamlike lewe, maar langamerhand neem dit in 'n steeds groter mate 'n sedelike en geestelike karakter aan.⁽²⁴⁾ Dan word opvoeding 'n werksaamheid wat die vorming van die kind as mens beoog en wat hom uit sy staat van afhanklikheid en onrypheid na 'n staat van mondigheid, sedelike vryheid en geestelike selfstandigheid wil voer. Namate die opvoeding al meer 'n sedelike en geestelike karakter aanneem, word dit ook al meer 'n bewuste, opsetlike en planmatige werksaamheid. Dit word dan die leiding en vorming van die onvolwasse kind deur die volwasse ouer op die weg na volwassenheid van die kind.

Wat die doel van die ouerlike opvoeding betref, sal die ouer rekening moet hou met die eise wat God stel en dus ook met sy doopbelofte.⁽²⁵⁾ Afgesien van onmiddellike en nabysynde doeleindes soos die kweek van goeie gewoontes by die kind, sy goeie liggaamlike versorging, ens. sal die ouer sy oog steeds gerig moet

24. Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p.14

25. Waterink, op. cit., p.99

hou op die bestemming van die kind, en moet hy besin oor waarheen die opvoeding die kind moet voer. So gesien kan die doel van die opvoeding wees die volledige ontwikkeling van die kind se potensialiteite, die harmonieuse vorming van die kind as individu en as sosiale wese, die voorbereiding van die kind vir die huwelik en gesinslewe, rypheid van oordeel en sedelike vryheid, ens. Die opvoeding beoog sekerlik die bereiking van al hierdie aspekte, maar dit is maar fasette van die persoonlikheidsvorming van die kind en so 'n fragmentariese indeling van opvoedingsdoeleindes toon 'n gebrek aan eenheidsiening. Die kind is per slot van sake 'n siel-liggaam wese en die opvoeding moet die kind in sy totaliteit vorm en nie slegs t.o.v. bepaalde aspekte nie.

As ons volwassenheid as doel van die opvoeding aanvaar, moet daar eers rekenskap gegee word van wat onder volwassenheid verstaan word. Die wesenlike kenmerke van volwassenheid is o.a. liggaamlike volgroeiheid en ontwikkeling, die verwerwing van 'n eie selfstandige persoonlikheid, die persoonlike besit van waardemaatstawe, 'n konstruktiewe deelname aan die maatskaplike lewe en gedrag en optrede wat gekenmerk word deur selfverantwoordelike selfbepaling.⁽²⁶⁾ Hier kan ons nog byvoeg dat 'n volwassene 'n mens is wat homself opgeneem sien in die genadeverbond van God, 'n mens met die religieuse

26. Bigot. Het kind, p.18

in die sentrum van sy lewe, die swaartepunt van sy daaglikse bestaan. Volwassenheid ryp egter langsaam, as die vrug van die opvoeding.

Die Christelike opvoeding en onderwys deur die ouer het dan ten doel om die kind in die totaliteit van sy bestaan te help vorm tot 'n volwasse mens wat toegerus is vir 'n volle, nuttige en vrugbare lewe van arbeid en diens, wat sy lewensroeping sal vervul tot eer van God, op alle lewensterreine en in alle lewensverbande.

Die opvoeding moet die kind na volwassenheid voer, maar die kind moet vry wees om kind te wees en alleen langs die weg van toenemende eie verantwoordelikheid die uiteindelijke staat van volwassenheid bereik.⁽²⁷⁾

4.2 Die moontlikheid en noodsaaklikheid van die opvoeding

Geen wese kom hulpeloser en meer afhanklik in die wêreld as die kind nie en daarbenewens duur hierdie toestand van onrypheid op biologiese, psigologiese, sedelike en godsdienstige gebied, buitengewoon lank. Sy weg na volwassenheid strek oor baie jare en in die proses moet talryke struikelblokke oorkom word. Sonder opvoeding kan die kind hierdie weg nie suksesvol bewandel en voltooi nie. Die kind kan op natuurlike wyse

27. Oosterbaan, A. Wegen der opvoeding, p.34

sy bestemming nie bereik nie en behoef dus die hulp van sy ouers en later ander opvoeders, daartoe.

Hierdie volslae afhanklikheid van versorging van die kind vorm die onmiddellike grondslag vir die voeding en opvoeding deur die ouers, en is vir lg. 'n kragtige stimulus tot versorging en liefde.⁽²⁸⁾ Dit is ook die band van liefde en vertroue tussen ouer en kind, wat so onontbeerlik vir die opvoeding van die kind is. Die feit dat die kind 'n groeiende en wordende mens is, beklemtoon die noodsaaklikheid van die opvoeding vir sy gesonde groei en ontwikkeling.

Opvoeding word ook noodsaaklik gemaak weens die geestelike onrypheid van die kind.⁽²⁹⁾ Hy beskik nie oor die nodige kennis, ervaring en insigte nie. Sy verstand, neiginge, sedelike besef, oordeelsvermoë, ens. is nog onontwikkeld, sy gewete en karakter nog ongevormd en hy het nog geen besef van verantwoordelikeid nie.

Die opvoeding word ook noodsaaklik gemaak deur die eise van die samelewing. Sonder opvoeding kan die kind nie die kultuurgoedere en bepaalde waardes van sy volk sy eie maak nie. Die opvoeding moet hom help om waardige landsburger te word, om 'n sosiale wese en 'n nuttige lid van die samelewing te wees.

28. Kriekemans, op. cit., p.9

29. Van Loggerenberg, N.T. & Jooste, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding, p.30

Die noodsaaklikheid van die Christelike opvoeding vloei verder voort uit die sondeval van die mens. Ook die kind het die beeld van God in enger sin verloor en hierdie beeld moet weer mettertyd in hom herstel word, o.m. deur die Christelike opvoeding, wat God in sy genade daartoe gebruik.

Die noodsaaklikheid van die opvoeding word verder deur die doopbelofte van die ouer beklemtoon, want daarvolgens is die ouer verplig om sy kind te onderrig of te laat onderrig.⁽³⁰⁾ Die ouers beloof tewens om die kind ooreenkomstig die Verbondsgelofte op te voed en te laat opvoed, sodat die kind wanneer hy tot volwassenheid kom, voorbereid sal wees om vrywilliglik sy verbondsverantwoordelikheid op hom te neem.

Die noodsaaklikheid vir Christelike opvoeding is dus nie primêr 'n uitvloeisel van liggaamlik-geestelike hulpbehoewendheid nie, „ . . . maar hou verband met die verhewe oorsprong, die verantwoordelikheid, die taaksvervulling en die ewigheidsbestemming van die mens.”⁽³¹⁾ Die opvoeding, so gesien, is dus 'n bevel van God en moet dan ook in die eerste plek aan die mees basiese behoefte van die mens, nl. die religieuse, aandag gee.

30. Geldenhuys, N. Die opgroeiende kind, p.13

31. N.G. Kerk, op. cit., p.356

Alhoewel die kind hulpeloos en hulpbehoewend in die wêreld kom, is hy egter reeds op wonderlike wyse toegerus met gawes van verstand, gevoel en wil, wat hom op uitnemende wyse geskik maak vir opvoeding.⁽³²⁾

As daarby in gedagte gehou word dat die mens se grootwording en dus ook sy opvoeding, oor baie jare strek, dan word dit duidelik dat God die mens só geskape het dat beide die moontlikheid en die geleentheid vir opvoeding vir hom 'n werklikheid en 'n noodsaaklikheid is.

4.3 Die grense van die opvoeding

Die opvoeding kan deur uiterste jeugdigheid begrens word, bv. by gewetensvorming. Voordat die kind nie kan verstaan nie, kan daar nie sprake wees van gewetensvorming nie. Goeie gewoontevorming is dan ook aanvanklik die resultaat van gewenning en dressuur. Dit kan beskou word as „voor-opvoeding" en is 'n voorwaarde vir die opvoeding.

Die opvoeding word ook begrens deur die samewerking al dan nie van die kind.⁽³³⁾ Al die opvoedingspogings van die ouer word begrens deur die feit dat wat die kind met dit alles gaan doen, van homself afhang, want al sou

32. Ibid., p.364

33. Van Marvilde, op. cit., p.61

alles ideaal wees, bly dit nog die kind self wat moet besluit. Die verhouding tussen ouer en kind kan die opvoeding ten goede of ten kwade laat verloop en daarom is dit so belangrik dat die regte verhouding tussen die ouer en sy kind, d.w.s. 'n verhouding gebaseer op liefde en vertrouwe, uit die staanspoor tussen die kind en die ouer opgebou sal word.

Die opvoeding word begrens deur die aanleg en vermoëns van die kind.⁽³⁴⁾ Die aangebore aanleg as sodanig begrens nie die opvoeding nie, maar die aard en kwaliteit van die verstands- en temperamentsaanleg beperk die moontlikheid van ontwikkeling in 'n bepaalde rigting. Die aanleg dui dus die moontlikhede aan waartoe die opvoeding dit kan help ontwikkel en as sodanig stel dit perke wat nie oorskry kan word nie. Die verstandige ouer sal altyd sy kind aanspoor om sy maksimum potensiaal te bereik, maar sal ook versigtig wees om nie aan die kind eise te stel wat sy aanleg en vermoë oorbelas nie.

Omgewingsfaktore beslis in 'n groot mate hoe en in watter mate die kind se aanlegsmoontlikhede verwesenlik sal word.⁽³⁵⁾ Alhoewel dit so is dat 'n gunstige

34. Chorus, A.M.J. De opvoeding van het kleine kind, p.17

35. De Greeff, E. Our children and ourselves, p.22/23

omgewing nie uit 'n swak aanleg wonderlike resultate kan oplewer nie, verseker 'n gunstige omgewing ten minste dat die aanlegpotensiaal 'n beter kans kry om tot volle ontplooiing te kom.

Die opvoeding word begrens deur die mens se natuur van sondigheid en geneigdheid tot die kwaad. Die opvoeding kan die mens nie die hoë Christelike ideaal in sy volheid laat bereik nie, want dit is alleen moontlik deur die besondere genade van God.⁽³⁶⁾ Die gelowige ouer moet weet dat die ware lewe alleen genadegawe van God is en dus nie deur enige menslike poging verwerf kan word nie, maar hy moet ook weet dat Gods genade die verantwoordelikheid van beide ouer en kind nie uitsluit nie, maar insluit en dat die opvoeding, wat genadegawe van God is, as 'n belangrike en noodsaaklike hulpmiddel deur Hom gebruik word. Opvoeding en genadewerking kan die kind help om die goeie in hom oor die slegte in hom te laat heers en om so deur Christus genade by God te vind.

5. Die kind en opvoedeling

5.1 Siening van die kind

Die kind is skepsel van God, geskape na die beeld en gelykenis van God, dus beelddraer van God en in

36. N.G. Kerk, op. cit., p.364

Jesus Christus ook kind van God.⁽³⁷⁾ Hierdie verhewe afkoms van die kind noep die ouer om sy roeping met heilige erns te bejeën, sodat die kind van God tot Sy eer opgevoed sal word.

Die kind word egter, vanweë die sondeval van die mens, in sonde ontvang en gebore. As mensekind herhaal hy die sonde van Adam deur eie keuse, sodat hy in wanrelasie tot sy medemens en God verkeer. Deur die sonde is hy 'n gevalle skepsel en staan hy skuldig voor God. Deur die genade van God word die Christelike opvoeding 'n middel om die kind weer in die regte verhouding tot God, die medemens en die wêreld te bring. Daarom eis die Christelike opvoeding dat die ouer die kind van sy jeug af sal onderrig en vermaan om die gebooe van God te gehoorsaam en oor die sonde te heers. Die opvoeding sal dus terdeë rekening moet hou met die sondestaat van die mens.

Die kind is liggaam en siel en hierdie twee vorm 'n onafskeidbare eenheid in sy menslike bestaan. Tog is sy liggaam sterflik en verganklik, terwyl sy siel onsterflik en onverganklik is. Die siel is die beginsel wat die mens tot die ewebeeld van God maak. Die siel kom uit die ewigheid, dit gaan weer na die ewigheid en is onsterflik.⁽³⁸⁾ Die opvoeding moet die kind na

37. Oberholzer, op. cit., p.39

38. Chorus, op.cit., p.13

siel en liggaam versorg, sodat geen van beide sal skade ly nie.

Die kind van Christelike ouers is bowe-al verbondskind. Die kind is wel in sonde ontvang en gebore, maar God het sy verbond opgerig met die wat Hom liefhet en met hulle kinders. Die verbondskind is die eiendom van Christus en het die belofte van die ewige lewe. Die doop verseël die afwassing van sondes deur die bloed van Christus en daarby beteken die doop en verseël die doop altyd die verbondswaarheid. Dit beteken dat die kind van die verbond opgevoed moet word in die weg van die verbond, d.w.s. die kind moet ener- syds gewys word op die liefde van God in Christus en andersyds op die noodsaaklikheid dat hy ook God moet liefhê en moet dien.⁽³⁹⁾ Dit beteken ook verder dat die kind daaglik in sy ouers die lewenshandeling van wandel met God moet sien.

Die kind is ook 'n sosiale wese omdat hy in 'n sosiale omgewing gebore word en opgroei om self deel van daardie sosiale omgewing te word en so uiteindelik, volwaardig sy plek as mens vol te staan - lid van 'n bepaalde samelewing, burger van 'n bepaalde volk en lid van die gemeente van Christus op aarde. Ook hiervoor moet die opvoeding voorsiening maak, want alleen deur opvoeding kan die kind leer om sy sosiale rolle te vervul.

39. Waterink, op. cit., p.66/67

Die kind is egter ook 'n individu, 'n persoonlikheid op sy eie met 'n eie fisiologiese lewe, 'n besondere sosiale instelling, 'n eie funksie, 'n eie verstandelike, emosionele en wilslewe. Hoewel hy dus deel van die groter gemeenskap is, het hy ook 'n eie bestaansreg as individu. Die ouer moet dus deeglik rekening hou met die geaardheid, temperament en karakter van elke kind.

In sy groei en ontwikkeling is die kind nooit staties nie. Hy is voortdurend in verandering - liggaamlik, sedelik en geestelik. As progressiewe wese is hy op weg na iets anders, steeds in beweging totdat hy by bereiking van volwassenheid na vastigheid begin uitsien.⁽⁴⁰⁾ Die kind se lewe verskil op elke lewenstadium van die van die volwassene en so ook sy behoeftes, moontlikhede, belangstelling en reaksies. Die opvoeding moet gedurig aangepas word by die verandering wat die kind ondergaan en self dinamies wees, deur aansluiting te soek by die kind se behoeftes.

Die kind is toegerus met gawes van verstand en aanleg wat die stoflike grondslag vorm van die erflikheid wat hy van sy ouers ontvang.⁽⁴¹⁾ Hierdie erflike grondslag bepaal o.a. die liggaamsbou, die kleur van die hare en die oë, maar belangriker nog die intelligensiepotensiaal en spesiale vermoëns en talente. Dit

40. Van Marvilde, op. cit., p.15-16

41. Chorus, op. cit., p.9-11

beteken dat die kind hierdeur 'n eie unieke wese is wat verskillend van alle ander mense sal wees. Die opvoeding sal dus rekening moet hou met die kind se eie aanleg en potensiaal en met die uniekheid van sy wese. Die aanleg is nie in die hande van die ouers nie, maar aanleg beteken niks anders as moontlikhede nie, 'n stel moontlikhede, en dit sal ook van die ouers en die omgewing afhang of daardie moontlikhede tot verwesenliking sal kom.

5.2 Die behoeftes van die kind

Die kind het behoefte aan godsdienstige sekuriteit. Die fondamentstene van geestelike waarheid wat in die kind se hart gelê word, vorm die grondslag waarop hy later sy lewensfilosofie sal bou. Die kind het vroeg in sy lewe reeds behoefte aan religieuse vorming om aan sy lewe rigting en vastigheid te gee.

Die diepste behoefte van die kind is die van liefde. Geen kind kan tot ontplooiing kom sonder liefde nie. Ouerliefde wat alleen die goeie vir die kind en die eer van God soek, bedek 'n menigte tekortkominge en foute in die opvoeding van die kind.⁽⁴²⁾ Ouers wat werklik hulle kind liefhet, is bereid om opofferings te maak wat hulself en hulle eie begeertes betref, ten einde 'n harmonieuse huisatmosfeer te skep waarin die

42. Post, op. cit., p.13

kind kan voel dat hy daarin hoort en tuis is, dat hy aanvaar word en dat sy ouers hom wil hê vir sy eie onthalwe. 'n Kind wat so 'n liefde ontvang kan homself by enigiets aanpas, want hy voel veilig. Hy ervaar dat sy versorging nie 'n onvermydelike las is nie, maar dat dit met oorgawe en liefde gedoen word. Namate die kind groter word, word die aksent telkens verplaas, maar die basiese behoefte aan toegeneentheid bly voortbestaan. Dit is nie 'n oordrywing om te beweer dat „. . . what your child most need is two parents who know how to give love to each other, to him and to God.”⁽⁴³⁾ Die liefde skep 'n innerlike rus, vertroue en ewewigtigheid in sy lewe.

Die kind het behoefte aan gesag. Hy het behoefte aan 'n meerdere aan wie se leiding hy homself kan toevertrou. Die kind verlang leiding vir sy doen en late en is gesteld daarop om die ouer se goedkeuring te ontvang, daarom moet die ouer steeds die vereiste steun bied. Die gesag van die ouer moet kan besiel en lei, eise stel en verwagtinge koester en desnoods dwingend optree, want dit is nie slegs onmisbaar vir die kind nie, maar dit beantwoord ook aan 'n behoefte by die kind.

43. Goodman, D. A parent's guide to the emotional needs of children, p.295

Die kind het behoefte aan beskerming, veiligheid en geborgenheid. Hierdeur ontmoet hy die eerste vastigheid wat vir sy verdere lewensloop onmisbaar is. Die kind lewe feitlik onbewus uit die veiligheid en sekerheid, deur die aanwesigheid van sy ouers. Die jong kind is besonder hulpeloos en onervare en is nie bestand teen die gebeure in sy omgewing nie. Daarom behoef hy 'n beskermende omgewing wat sy innerlike rus en vreugde onverstoord laat. 'n Blye, beskermde kindertyd is 'n premie vir die kind se suksesvolle aanpassing by die groter wêreld waarmee hy weldra sal kennis maak.⁽⁴⁴⁾ Die kind wil veilig voel, wil beskerm wees, maar tog wil hy nie te veel van die beskerming gewaar word nie. Die ouer moet dan ook waak teen oorbeskerming en oorbesorgdheid.

In sy ontwikkeling het die kind behoefte daaraan om vry te wees. Om die geleentheid vir hierdie vryheid te bied beteken nie dat die kind geen beperking opgelê mag word nie, want dit sou geen vryheid beteken nie, maar bandeloosheid tot gevolg hê. Met vryheid word hier bedoel dat die kind die geleentheid kry om te groei ooreenkomstig sy leeftyd en geestelike ontwikkeling en nie slegs volgens bepaalde behoeftes van sy ouers nie.

44. Sellenraad, op. cit., p.36

Die kind het 'n sterk gevoel van 'n belangrike persoon te wees en in die ontwikkeling van sy persoonlikheid en selfstandigheid moet hy nie onnodig aan bande gelê word nie. (45)

Die kind het behoefte daaraan om as individu erkenning te geniet. Persoonlikheid, individualiteit en selfekspresie hang af van die respek wat andere vir die persoon het. Ouers moet hulleself dissiplineer om die kind as individu te respekteer. Binne 'n geskeduleerde lewensroetine het die kind ruimte en tyd nodig om homself te vind. Wanneer die ouer 'n kind beskou as 'n persoon binne sy eie bestaansreg, is hy besig om sy kind te wen en om die se liefde en vertroue te verseker.

Die kind het geleentheid nodig om te groei in kennis en ervaring. Die kind kan nie daartoe gedwing word nie, maar hy kan deur die skep van gunstige omstandighede daartoe gestimuleer word. Die kind se potensialiteite ontwikkel die beste wanneer hy die geleentheid kry om aan 'n wye verskeidenheid konstruktiewe ervarings deel te hê en om 'n wye veld van belangstelling op te bou. Hy moet dus geleentheid kry om in kennis te groei. In die verband het die kind 'n ouer nodig wat bereid is om te luister, wat reageer

45. Van Lookeren Campagne, G.J. Wat kan een kind van zijn opvoeders verlangen? p.21

op sy belangstelling, sy hoop, sy drome, sy ambisies, 'n quere wat geduld en insig het en bereid is om die kind se vrae op 'n verstandige en bevredigende wyse te beantwoord. Hy het iemand nodig wat bewus is van sy moontlikhede en wat hom nie alleen die nodige aanmoediging sal gee nie, maar ook die middele daartoe beskikbaar sal stel en die geleenthede daarvoor sal skep.

Die kind het behoefte aan ervaring in die aanvaarding van verantwoordelikheid en onafhanklikheid. Die kind groei nie alleen deur probleme teen te kom nie, maar veral deur te leer hoe om die probleme suksesvol op te los.⁽⁴⁶⁾ Vanselfsprekend moet sulke probleme binne perke gehou word. Sonder die geleentheid om probleme self aan te pak en self op te los, kan die kind nooit leer om verantwoordelikheid te aanvaar nie. In die verband moet die waarheid en werklikheid nie vir die kind verbloem of verdoesel word nie. Gebeure in die kind se lewe moet aan die waarheid en die werklike feite gekoppel word en nie aan fiktiewe oorsake nie. As 'n kind hom bv. teen 'n stoel stamp, is dit nie die stoel se skuld nie en is dit seker 'n bietjie dwaas om die stoel pak te gee. Die kind moet in die loop van sy ontwikkelingsjare

46. Jacobsen, op. cit., p.10/11

gelei word op die breër terrein van selfstandigwording, want dit is 'n geleidelike proses. Die geleidelike selfstandigwording van sy kind moet vir die ouer steeds 'n kernaangeleentheid in die opvoeding van sy kind wees.

Elke kind het behoefte daaraan om sukses te behaal en daarsonder kry hy nie die geleentheid om die broodnodige selfvertroue op te bou nie. Die kind wil weet dat wat hy doen ook vir andere en veral sy ouers, belangrik is, dat hulle dit goedkeur en hom soms vir sy prestasies sal prys.⁽⁴⁷⁾ Selfvertroue spruit voort uit sekuriteit, goedkeuring, aanmoediging en prys en is die resultaat van die herhaaldelike ervaring van sukses te behaal. Elke kind het behoefte daaraan om iets goed te doen, al is dit ook iets van eenvoudige aard. Die ouer wat geduldig sy kind 'n vaardigheid leer, doen iets wat nie met geld gekoop kan word nie, want sukses op een gebied lei dikwels ook na sukses op 'n ander gebied.

Om bevredigend besig te wees, is 'n besondere behoefte van die kind. Dit sluit in spel, vriendskapsbande, fisiese werk, verstandelike werk en die leer en doen van baie dinge. Die aard van die besigwees sal afhang van die ontwikkelingsstadium waarin die kind

47. Katz, B. How to be a better parent, p.17

verkeer, asook van sy aanleg en belangstelling.⁽⁴⁸⁾
 Die kind moet die geleentheid en die middele tot sy beskikking hê wat hom in staat sal stel om aan hierdie behoefte te voldoen.

6. Die gesin as opvoedingsinstelling

Die gesin is 'n instelling van God en ook die eerste en oorspronklike opvoedingsinstelling.⁽⁴⁹⁾ Dit is nie slegs 'n instelling vir voortplanting en versorging nie, maar is ook die vernaamste, die sentrale opvoedingsinstelling en die ouers is daarom ook die opvoeders by uitnemendheid. Die gesin begin met die huwelik wat deur God ingestel is en word eers waarlik gesin met die geboorte van kinders. Die kinders is 'n erfdeel van God en daarom is ook die opvoeding van die kinders 'n opdrag van God. Die gesin is egter nie alleen die eerste ^{opvoedings} instelling nie, maar ook die ideale en die beste, want in die gesin bestaan die ideale toestande vir 'n goeie opvoeding, nl. liefde, veiligheid en versorging.

Die gesin is 'n volkome natuurlike eenheid en groei vanself uit die natuurlike bestaansverbondenheid tussen ouers en kinders.⁽⁵⁰⁾ Kinders is die vrug van

48. Mc Namara, C. & Henry, M. Parents and children,
 p.21/22

49. Coetzee. Inleiding tot die Algemene Teoretiese
 Opvoedkunde, p.370

50. Van Marvilde, op. cit., p.187

'n uiteraard skeppende liefdeseenheid tussen man en vrou, wat daardeur vader en moeder word. Uit die aanvanklike en uitgerekte afhanklikheid van die kind groei die ouers se verantwoordelikeheidsbesef vir die opvoeding van die kind. Die kind word in die gesin gebore, maar bly nie altyd in die gesin nie, maar die gesin bly altyd 'n vaste punt in sy lewe, 'n plek waarheen hy kan terugkeer en waar hy rus kan vind.

In die gesin word in al die behoeftes van die kind voorsien.⁽⁵¹⁾ Die opvoeding in die gesin is die aanvang en grondslag van alle ware opvoeding en alle latere opvoeding moet daarop gebou word. In die gesin word aan die kind se innigste en teerste behoeftes voldoen, is daar liefde, veiligheid en beskerming vir die kind en word die kind vir sy lewe in die samelewing voorberei. Die basiese opvoeding van die kind bly die taak van die ouers en in die gesin word die kind dan ook na liggaam en gees versorg, primêre geborgenheid verskaf, 'n ideale omgewing voorsien en die voorwaardes vir die goeie groei en ontwikkeling geskep.

'n Goeie gesinsfeer is pedagogies van besondere waarde, want die gesin is in baie opsigte 'n oefenskool vir die lewe.⁽⁵²⁾ Die gesinsfeer bestaan uit die geheel

51. Ruperti, R.M. Die opvoedingstaak, p.73/74

52. Brillenburg Wurth, A. Christelike sedeleer, p.87

van die opvattinge, stemminge, houdinge van elke gesinslid. Hierdie sfeer moet Christelik, gesond, gesellig, vriendelik en gelaai met liefde wees.

7. Die huislike milieu

Die omgewing is alles wat rondom die kind is en invloed op hom uitoefen. Selfs voor geboorte is omgewing 'n belangrike faktor in die lewe van die kind. Die moederliggaam is die eerste omgewing van die kind en vandaar ook die noodsaak vir goeie versorging gedurende swangerskap. Na die geboorte kom daar 'n groot verandering in die omgewing en die invloed van die moeder neem af, maar bly steeds groot en belangrik.⁽⁵³⁾

Daarna kom die invloed van die huislike omgewing waarby nie alleen die vader, ander gesinslede, besoekers, ens. ingesluit word nie, maar ook voeding, kleding, meubilering, huisinrigting, ens.⁽⁵⁴⁾ Daarbenevens kom ook dit wat spesiaal bestem is vir die opvoeding van die kind en dus as hulpmiddel of instrument van die opvoeding dien, soos o.a. speelgoedvoorsiening, lektuurvoorsiening, die kamer waarin die kind opgroei en die sindelikheid wat daar heers. Dit is alles belangrike invloede van die omgewing, maar dan ook opvoedingsinvloede.

53. Chorus, op. cit., p.15

54. Langeveld, M.J. Beknopte Theoretische Paedagogiek, p.30

Die ouers is in hoofsaak verantwoordelik vir die omgewing, hulle is self die vernaamste deel van die omgewing en die res vorm hulle na wil of omstandighede.⁽⁵⁵⁾ Die omgewing is dus aanpasbaar by die behoeftes van die kind. Normaalweg is die kind onderhewig aan die invloede van sy omgewing gedurende die jare wat hy die vatbaarste is vir vorming en beïnvloeding.

Alhoewel die invloed van die omgewing nie oorskat moet word nie, toon navorsing egter aan dat omgewing „ . . . especially in the early formative years, may have a lasting, perhaps permanent, influence far greater than was formerly supposed.”⁽⁵⁶⁾ Resente navorsing toon ook dat gunstige omgewingsinvloede 'n gunstige invloed op die kind se intelligensiepotensiaal het. Aan die ander kant is daar ook afdoende bewys dat 'n swak omgewing ongunstige toestande vir opvoeding en onderwys tot gevolg het, wat 'n agterstand kan skep wat moontlik nooit weer ingehaal sal word nie.

Die ouers is per slot van sake verantwoordelik vir beide die fisiese en psigiese milieu waarin die kind opgroei en dit is derhalwe hulle plig om sy omgewing sodanig in te rig en te beplan, dat die kind die grootste moontlike voordeel daaruit kan put.

55. Chorus, op. cit., p.15/16

56. Cave & O'Malley. Education for personal responsibility, p.21

8. Die taak van opvoeding en onderwys

Die opvoeding is 'n eenheid en kan nie in onderdele geskei word nie. Gesinsopvoeding is totaliteitsopvoeding en indelings in verskillende afdelings is bloot gerieflikheidshalwe en teoreties, want as bv. aan die verstand van die kind aandag verleen word, tree ook religieuse, sedelike, liggaamlike e.a. aspekte na vore. Elke dag word die kind in sy totaliteit opgevoed.⁽⁵⁷⁾ Dit is dus noodsaaklik dat die gesinsopvoeding as totaliteitsopvoeding sy stempel op die kind sal afdruk. Vir die doel van hierdie bespreking, moet daar egter noodwendig by bepaalde aspekte stilgestaan word.

Gesinsopvoeding is basiese opvoeding wat alle aspekte van die opvoeding van die kind raak, van geboorte tot volwassenheid. Dat die ouers hulp van ander instellings ontvang, doen geen afbreuk aan hierdie waarheid nie, want dit is die ouer wat in die eerste en in die laaste instansie die verantwoordelikheid vir die opvoeding van sy kind moet dra. Gesinsopvoeding behels dan toesig, versorging, voeding, kleding, huisvesting, religieuse en sedelike vorming, ens., m.a.w. die opvoeding van die kind na die liggaam en die gees.⁽⁵⁸⁾

57. Snijders-Oomen, N. Spelend voor Gods aangezicht,
p.9

58. Coetzee, op. cit., p.370

Die ouers dra dus die belangrikste en grootste deel by tot die opvoeding van hulle kind - hulle lê die fondament, die grondslag.

Die opvoeding moet basies religieus wees. Die toewyding van die kind aan God, d.w.s. sy religieuse opvoeding is 'n opdrag van God en daarsonder sal die opvoeding in sy hoogste doel misluk. Dit is egter nie net die religieuse opvoeding van die kind wat noodsaaklik is nie. Die Woord van God is die riggsnoer vir die hele lewe van die mens en daarom is die godsdiens vir die hele lewe en dus ook vir die opvoeding, die basis en grondslag. Daarom dan ook dat die Woord van God „ . . . would not consider any education as sound and satisfactory that was not permeated with the spirit of religion.”⁽⁵⁹⁾

Die sedelike vorming van die kind, ook genoem karaktervorming, is een van die hoogste doeleindes van die opvoeding en een van die belangrikste opvoedingstake van die ouer. Die sedelike opvoeding van die kind beoog vrywillige gehoorsaamheid aan die Wet van God t.o.v. sy medemens. Die ouer is geroepe om vir die goeie sedelike vorming van die kind te sorg.

59. Jaarsma, C. Fundamentals in Christian education, p.79

Die ouer is geroepe om die kind liggaamlik groot te maak.⁽⁶⁰⁾ Dit sluit in versorging en opvoeding, want ook die liggaam moet op so 'n wyse versorg en ingespan word dat dit tot eer van God sal strek. Versorging is 'n belangrike faktor by die kind se gevoel van veiligheid en beskermdeheid en daarom is dit so noodsaaklik dat die versorging juis deur die ouers behartig sal word.

Die ouer stel ook die wêreld van dinge vir sy kind oop. Die verstandelike vorming, die verwerwing van kennis deur die kind en die verwerwing van oordeel, denkvermoë, ens. is belangrike doeleindes van die opvoeding. Die mens is 'n redelike wese en die verstandelike vorming van die kind is 'n belangrike aspek van die ouer se roeping t.o.v. die opvoeding van sy kind.

Die kind ontvang sy voorbereiding vir deelname aan die breëre gemeenskapslewe in die gesin en dus sy vorming as sosiale wese.⁽⁶¹⁾ Deur die opvoeding moet die kind dus gelei word en gevorm word tot 'n sosiaal-aangepaste mens, iemand wat sosiaal bruikbaar is en ook volwaardige staatsburger. Die sosiale opvoeding het sy oorsprong in die huisgesin waar die grondslag daarvan gelê word. Die ouer het dus 'n besondere

60. Coetzee. Ons en ons kinders, p.25

61. Oosterbaan, op. cit., p.36/37

roeping om die kind op te voed sodat hy sy plig teenoor sy medemens, sy volk, sy land, sy kerk en sy God sal ken.

Dit is ook in die ouerhuis en as 'n resultaat van die gesinsopvoeding, dat die waarde van arbeid en die verstandige besteding van die vrye tyd 'n vaste grondslag moet vind. Arbeidsvreugde en geluk is die resultaat van verstandige opvoeding en so ook vryetydsbesteding waaruit die kind veel vreugde kan put. Die ouer is dan ook geroepe om sy kind op te voed tot die regte gebruik van sy tyd en in die adel van die arbeid.

Die kind moet opgevoed word in die waardering van die skoonheid, hy moet esteties gevorm word. Die skoonheid van Gods skepping en ook die werke van mensehande moet tot hom kan spreek. God is die bron van die skoonheid in die skepping, maar sonder estetiese vorming kan die kind nooit die sin van die skoonheid waarlik begryp of die skoonheid self waardeer nie.

Die kind moet ook seksuele opvoeding ontvang en die belangrikheid van die huwelik, gesin en kind moet by hom tuisgebring word. Hy moet leer dat die huwelik 'n instelling van God is wat voorregte maar ook pligte en verantwoordelikhede inhou. Die roepingskap van moeder en vader moet met eerbied tegemoet gegaan word.

Niemand is beter toegerus as die ouer om hierdie belangrike opvoeding te gee nie.

Die ouers het ook die besondere taak om hulle kind vir die formele skoling voor te berei en gereed te maak. Veral die moeder het 'n besondere verantwoordelike taak in die voorskoolse jare. Nie alleen moet daar reeds 'n aanvang gemaak word met die algemene opvoeding nie, maar daar moet ook met beslistheid en toewyding aan die karaktervorming van die kind gewerk word. Veral die sedelike en godsdienstige vorming mag in die tyd nie verwaarloos word nie.⁽⁶²⁾ Hierbenewens moet besondere sorg aan die kind se omgewing gegee word ten einde dit so in te rig en toe te rus dat dit bevorderlik sal wees vir die goeie vorming van die kind. Die kind moet geestelik en liggaamlik gereed wees vir die skool. Die kind tree uit die speelsfeer na die arbeidsfeer en noukeurige pligsvervulling en die kind moet skoolgereed, skoolryp wees om bevredigend te kan aanpas.

9. Oueropvoeding en die rol van die hulpinstellings

Die ouers is en bly verantwoordelik vir die liggaamlike en geestelike versorging van die kind. Uit hoofde van hulle roeping is hulle dus verplig om die

62. Waterink, J. Aan moeder se hand na Jesus,
p.2

kind op te voed of te laat opvoed in die lig van hulle Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die basiese opvoeding van die kind bly egter die ouers se verantwoordelikheid en wat die skool as hulpinstelling doen, is net om die opvoedingstaak van die ouers aan te vul en uit te bou.

Veral gedurende die eerste lewensjare het die kind behoefte aan permanente toesig, versorging, voeding en reiniging wat uit en deur die liefde die permanente samesyn met veral die moeder, behoort te geskied.⁽⁶³⁾ Gedurende hierdie jare kan die ouers se taak kwalik sonder skade vir die kind, aan andere gedelegeer word. Ouers mag dus nie hulle verantwoordelikheid t.o.v. die kind op die skool, Sondagskool, kerk, kleuterskool, koshuis of ander instellings afskuif nie. „Die grondlegging en vormingstaak is deur God op die ouers gelê en as hulle hierdie roeping nie na behore vervul nie, sal niemand anders daardie leemte volkome kan opvul nie.”⁽⁶⁴⁾

Die skool is 'n opvoedingsinstelling wat in die loop van die geskiedenis ontstaan het weens die onvermoë van die ouers, om in al die kind se behoeftes te voorsien.

63. Van Marvilde, P. op cit., p.51

64. Geldenhuys, op. cit., p.11

Die ontstaan en bestaan van die skool onthef die ouers egter nie van hulle verantwoordelikheid nie.⁽⁶⁵⁾ Wanneer ouers hulle kind skool toe stuur, kan hulle verwag dat die skool hul kind eers verstandelik en later beroepskundig sal vorm, m.a.w. die skool moet sekere kennis en vaardigheid bybring. Dit beteken hoege-naamd nie dat die skool eenvoudig die opvoedingstaak van die ouers oorneem nie, selfs nie dat die skool as gelyke die opvoedingstaak met die ouers deel nie. Die band tussen ouers en kinders is enig en kan deur geen maatskaplike instelling vervang word nie. Derhalwe bly die ouers onder alle omstandighede die sentrale draers van die opvoeding en hulle mag dus nie hulle opvoedingstaak na willekeur aan ander oordra nie. Slegs „ . . . waar het gezin door zijn aard zelf onmachtig is leiding te geven dient het door een andere drager der opvoeding te worden vervangen.”⁽⁶⁶⁾ Al is die skool nog so goed, kan dit nooit die gesin en die ouers vervang nie.

In plaas daarvan dat die gesin met verskillende variasies van die kindertuin en met die skool so vroeg moontlik uit die opvoedingsproses uitgeskakel word, behoort dit veel eerder die strewe van al die betrokkenes

65. Kohnstamm, Ph. Persoonlikheid in wording, p.422

66. Ibid.

te wees om die gesin deur middel daarvan op te bou en te versterk en behoort die ouers, in samewerking met die betrokke hulpinstelling, met hernude ywer hulle opvoedingstaak aan te pak.⁽⁶⁷⁾

Ouers word dikwels gekonfronteer met die vraagstuk of hulle hul kind na 'n kleuterskool behoort te stuur en soms of sulke skole nie leemtes in die kind se opvoeding sal regstel nie. Navorsing toon aan dat kleuterskole geleenthede voorsien vir leer, sosiale aanpassing, emosionele beheer, gewenning aan roetine en groepdissipline, skeppings- en ontdekkingsaktiwiteite, op 'n wyse wat in die meeste huise nie moontlik is nie.⁽⁶⁸⁾ Daarenteen neem hulle nie die plek van die huis in nie, maar vul eerder die huislike opvoeding aan. Dit blyk verder ook dat die beste resultate behaal word waar die kleuterskool nie die gesinsopvoeding dupliseer nie, maar dit liefsvol uitbrei en aanvul. Die kind wat tuis goed aangepas is, baat blykbaar meer by kleuteronderwys as wat dit die geval is met die wanaangepaste kind - 'n duidelike bewys van hoe belangrik die vroeë opvoeding deur die ouers is. Die meeste navorsers is dan ook oortuig daarvan dat: „Nurseries are certainly not the remedy for all ills in a child's development and cannot

67. Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p.409

68. Bernhardt, op. cit., p.108

replace the elements essential for the upbringing of children when these are lacking in the family."(69)

Verder word dit ook nie aanbeveel dat kinders onder die ouderdom van drie jaar na 'n kleuterskool gestuur word nie.

Die nakoming van die doopbelofte verg 'n daad, 'n antwoord as verantwoording en bring die eis mee dat die verbondskind se opvoeding in 'n bepaalde rigting sal verloop - dat dit basies religieus sal wees. Daarom is dit ook die plig van die ouer om te verseker dat die onderwys en opvoeding in 'n Christelike skool deur Christen-onderwysers gegee sal word en dat die inhoud van die onderwys deur die Christelike gees deursuur sal word, sodat die religie steeds in die sentrum sal staan van heel die skoolopvoeding.

Dit is derhalwe nodig dat die ouers hulle self op hoogte sal stel van die godsdienstige en pedagogiese beginsels van die skool. Verder moet hulle let op die gees en rigting wat by 'n bepaalde skool heers en wat in hoofsaak afhang van die aard van die skoolleiding en die persoonlikheid van die onderwysers, want die invloed van die onderwys op die kind se karakter en sy geestelike ontwikkeling hang van die gees van die onderwys

69. Gruenberg, S.M. Our children today, p.90

af. Die skool en die huis moet dieselfde waardes nastreef, dieselfde godsdienstige oortuiginge huldig, anders raak die kind verward en onseker en ly skade.⁽⁷⁰⁾ Die ouers se roeping eis dat die gees van die onderwys, die waardes nagestreef, Christelik sal wees.

Ouers is verantwoordelik vir die hele opvoeding van die kind en behoort daarom seggenskap te hê in dié deel van die opvoeding en onderwys wat deur die skool behartig word. Ouerseggenskap vind plaas deur middel van skoolkomitees of beheerrade wat deur die ouers verkies word. Hierdie liggame het 'n belangrike aandeel in die aanstelling van onderwysers. Dit is derhalwe ouers se plig om toe te sien dat hulle verkose verteenwoordigers op hierdie liggame die Christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, ten einde te verseker dat slegs Christelike onderwysers aangestel sal word. Die ouers moet verder saam met die staat sorg vir die oprigting en beheer van skole en in samewerking met die kerk sorg dat die gees van die onderwys positief christelik is.

Die ouers moet daarna strewe om met die skool 'n pedagogiese eenheid te vorm met die oog op die opvoeding en onderwys van die kind.⁽⁷¹⁾ Skool en ouers is

70. Ruperti, op. cit., p.80/1

71. Waterink, J. De schooljaren onzer kinderen, p.34

is immers vennote en beide werk aan die opvoeding van die kind. Die opvoeding van die kind is 'n gesamentlike taak en nie twee afsonderlike take nie en daarom is dit nie alleen wenslik nie, maar noodsaaklik dat die skool en die huis saam sal werk; verenig sal wees in hulle roeping om die kind op te voed. Samewerking met die skool is in belang van die kind en dit sluit o.a. belangstelling en deelname aan skoolaangeleenthede soos sport, skoolfonds, konserte, ens. in en deur toe te sien dat die huis se bydrae tot die opvoeding van die kind nie tekort skiet nie.⁽⁷²⁾

Samewerking veronderstel wedersydse belangstelling, openhartige mededeling en meevoelende begrip. Die skool mag nie 'n eiland wees waarheen die kind daagliks geroei word nie. 'n Gesindheid van gesamentlike verantwoordelikheid moet die grondslag van die samewerking tussen die huis en die skool vorm. Begrip en waardering vir mekaar se probleme en aktiewe samewerking sal verseker dat die kind se opvoeding die beste aandag sal geniet en dat die een nie die ander se goeie werk sal afbreek nie.

Die ouer kan 'n belangrike rol speel m.b.t. die gesindhede van die kind teenoor die skool, skoolvakke,

72. Cronje, op. cit., p.105

skoolwerk, skoolaktiwiteite, ens. Deur taktvolle optrede en simpatieke hulp kan die kind gehelp word om 'n positiewe gesindheid t.o.v. al hierdie sake op te bou. Dit is verder belangrik dat die aansien van die skool en onderwysers tuis en elders hoog gehou word. Daar moet terselfdertyd daarteen gewaak word dat die kind se lojaliteit nie verdeel of afgebreek word nie en dat die huis en die skool nie om die beurt teen mekaar afgespeel word nie.

Sodra die kind eenmaal op skool is is dit die plig van die ouer om die skool in sy werk te onderskraag.⁽⁷³⁾ Die ouer moet aanvaar dat die skool oor sekere aspekte van die onderwys beter kan oordeel en beter toegerus is, bv. by die metodes van onderwys, hulpmiddels, ens. Die ouers moet verder begryp dat deur hulle kinders na 'n skool te stuur hulle daarmee hulself bereid verklaar om hulle te onderwerp aan die gesag wat die skool het insake sy eie reëlinge en verordeninge. Om sy taak na behore te kan vervul moet die skool 'n outonome liggaam wees met soewereiniteit in eie kring, al bly die skool ook verantwoording skuldig aan die hele samelewing enersyds en aan die gesin andersyds.

73. Leonard, E.M. Counseling with parents, p.1/2